Aksiestappe vir Toekomsplan 2013

Samevatting van groepbesprekings

Kongres Julie 2009

1. STERK FINANSIëLE POSISIE

1.1 Penkoppe en Drawwertjies

a) Ledetal moet styg deur positiewe offisiere wat goed en deurlopend bemagtig word.
b) Finansiële hulp deur kommandodagbesture/ borgskappe (soos Solidariteit) moet aan offisiere beskikbaar gestel word. Offisiere is gewoonlik man. vrou plus twee of drie kinders wat onkostes baie hoog maak om werklik gemotiveerd te wees. Soms dwing finansiële omstandighede gemotiveerde offisiere om op te hou met Voortrekkers
c) Finansiële steun van buite kommando's moet verkry word. bv. Borgskappe by koöperatiewe instansies moet verkry word.
d) Benut kundiges.
e) Bemarkingsmateriaal moet meer spesifiek ook vir junior en senior Penkop en Drawwertjies ontwikkel word. Bemarkingsmateriaal moet op Nasionale vlak ontwikkel word.
f) Oordra op 'n praktiese manier.
g) Meer verreikend wees bv. Spesialisasie temas, gebruik meer teorie.
h) Temas in boekie werk moet nie ooreenstem met die skool kurrikulum nie.
i) As die kommando reg bestuur word – doeltreffend en effektief, goeie volwasse leiers en 'n tevrede ledekorps het sal die ledegetal verhoog asook die huidige getalle behou.
j) Bemarking om meer lede te werf. Bv. Uitnodigings, opedae.
k) Fondsinsamelings as spanne en geheel in kommandoverband.
l) Beter toegeruste offisiere. Fondse moet beskikbaar wees om offisiere se kursusgeld te betaal.
m) PD Konferensies moet op Gebiedsvlak gereël word om offisiere te motiveer. Hulle kan dan idees uitruil en nuwe vindingryke idees vanaf ander offisiere ontvang.

1.2 Verkenners

Werwing van lede:

a) 10% ledegroei – Werwings doelwit vir verkenners – "Bring 'n maat"-projek om te kom sien waaroor dit gaan.
b) Werf by kerke (en ander kultuurorganisasies) wat alreeds gedeelde waardesisteem het as VTS: Daar kan op hoëvlak deur die HDB geskakel word met die onderskeie kerkgroepe om sodoende ontvanklikheid te kweek.

Behoud van lede:

a) Sit graad 7s deur meer as 1 Verkenneraktiwiteit in graad 7 jaar na afhandeling van VSPD: NK: Verkenners kan meerdere impakaktiwiteite identifiseer wat alreeds aangebied kan word in die gr.7-jaar n afloop van die VSPD om die "dooie tyd" vir offisiere te verlig asook om PD's bekend te stel aan die interessante leerervaring van Verkennerwees. (HOOFBESTUURSVLAK – NK VERKENNERS)
b) Vervroeg die VSPD evaluering landswyd in die graad 7-jaar :) om sodoende meer geleentheid te gee vir die bywoon van aktiwiteite soos "oorvlieg"-kampe (Ontdekkerskampe in Tvl). (GEBIEDSVLAK). Om ook bogenoemde aktiwiteitsaanbieding te verwesentlik
c) Erkenning vir Verkenners by skool met gebruik van ABC-penningstelsel: Skool prestasiebalkies kan gekoppel word aan die bestaande Voortrekkersisteem.

Kommandodagbesture moet met onderskeie skole se bestuursliggame onderhandel. (KOMMANDO-VLAK)

d) Dinamiese offisier - Offisiere MOET goed opgelei word – sien ook later in teks.
e) Sinvolle PD program na Voorslag: Indien bogenoemde nie moontlik met Verkenneraktiwiteite, dan moet ”dooie tyd” meer sinvol gebruik word (HOOFBESTUURSVLAK – NK: PD)
f) Begin van Gr8 moet gestruktureerd wees:
    i. Kommandodagbesture moet toesien dat alles in plek is om die begin van die Gr.8-jaar meer gestruktureerd te maak met minimum ontwrigting (KOMMANDOVLAK)
    ii. Die offisier moet binne die eerste maand ‘n vergadering met ouers hou om in te lig oor jaar se aktiwiteite (KOMMANDVLAK)
g) Doen kreatiewe en nuwe aktiwiteite in Gr8 - Offisier moet goed opgelei wees – Kreatiwiteit OF Dinamiese Leierskap Spesialisasie verwerf het. Opleiding moet bestuur word (GEBIEDSVLAK – GK: VOLWASSE SAKE)
h) Offisier moet sterk met ouers skakel - Hou ouers ingelig deur maandelikse briefie of epos (KOMMANDOVLAK
i) Kry aan begin van Gr7 ‘n plaasvervanger offisier vir vanaf Gr8 indien die Gr.7 Offisier nie sy/haar weg oopsien om span verder te neem nie - Opvolgbeplanning noodsaaklik ten minste een jaar vooruit (KOMMANDOVLAK)
j) Beter Spesialisasies aanbied in die Gr8&9 jaar op gebiedskampe (Transvaal) - Kampleiers moet spesifiek versoek word om meer interaktiewe kursusse aan te bied in plaas van ”sit en leer” kursusse (GEBIEDSVLAK – KAMPLEIERS)
k) Gr8 jaar moet spesifiek gaan oor spanwerk (om blywende vriendskapsbande te vorm) - Daar moet meer spanbou-aktiwiteite binne spanverband gedoen word in die Gr.8-jaar wat opgestel moet word met die groepsgedagte as teiken as deel van graadwielwerk (HOOFBESTUURSVLAK – NK VERKENNERS.
l) Jeugrade moet meer aktiewe rol speel (doelwitte vir hulle?) - Sigbaarheid en betrokkenheid moet bevorder word (KOMMANDOVLAK en GEBIEDSVLAK)
m) Stel strategie daar spesifiek vir behoud van lede - Goed uitgewerkte plan om lede te behou (HOOFBESTUURSVLAK - NK BEMARKING?)
n) Brief aan ouers met finansiële implikasies en wat jy daarvoor kry

1.3 Volwassenes

a) Werf borge nasionaal tot voordeel van die hele beweging.
b) Stel ‘n standaard borgbrief en borgvorm op wat deur die hele beweging gebruik kan word.
c) Beding vir afslag by verskillende verskaffers vanaf nasionaal wat regdeur die beweging gebruik kan word, bv. by makro vir snoepie aankope of verskaffer wat klerasie verskaf. Bedingingsmag
d) Stuur rekeninge uit vir lede om lidmaatskapgeld te vereffen.

1.4 Voortrekkerkommando’s

a) Vorder ledegeld betyds in
b) Kry borgskappe/skenkings vir lede
c) Groei in ledetal met 10%, as ons net die 30% behou wat per jaar groei is die daling beduidend kleiner
d) Stel behoorlike begrotings op van die koste per jeuglid
e) Stel afbetalingstelsel in vir ouers om die jeuglede se gelde oor ‘n tydperk af te betaal.
f) Die Voortrekkermaatskappy is ‘n realiteit. Geen dividende gaan egter nou in die volgende 4 tot 8 jaar uitbetaal word nie
g) Hou ondersoek om vas te stel hoekom jeuglede die beweging verlaat
h) Help jeuglede wat finansiële probleme het – dalk ‘n kommandofonds
i) Elke kommando moet ‘n doelwitplan opstel na aanleiding van die toekomsvisie
j) Die beweging se bemarking moet in lyn wees met dit wat ons werklik kan bied

k) Die Laerskool vlak word die ouers beïnvloed om die jeuglid te behou op hoërskool vlak word die jeuglid beïnvloed
l) Kinders fokus meer en deels net op kampe, daar moet gefokus word op die kwaliteit van programme
m) Offisiere moet hul deel altyd bring en moet nie kinders teleurstel deur net weg te bly nie
n) Die finansiële las in die begin van die jaar is te groot – laat ouers reeds vanaf die vorige jaar begin gelde betaal.
o) Ken jeuglede by besluite oor watter program en spesialisasies aangebied word.
p) Sport bots baie met Voortrekkers, probeer programme koördineer.
q) Vra organisasies vir skenkings, soms is borgskappe 'n probleem.
r) Terugkommunikasie van spanlede na ouers – kontak gereeld met die ouers om hul op hoogte te hou.

1.5 Oorde

a) Subsidies vanuit onmiddelike gemeenskap in die oord
b) Borgskappe
c) Betrokkenheid by verskillende feeste in die oord (onderverdeel kommando's in die oord)
d) Gesinsbeen van die beweging (gesing betaal ledegeld per jaar en geniet sekere voordele)
e) Fondsinsamelingsprojekte bv. Stalletjies by feeste
f) "Pensioenarisse" betrokke maak of nader om betrokke te raak

1.6 Gebiede

a) Verslaggewing op doelwit datums
b) Effektiewe invordering van ledegeld
c) Effektiewe bestuur van fasiliteite
d) 3 jaar begrotings (effektiewe bestuur)
e) Borgskappe (gefokus)
f) Spooklede elimineer
g) Inkomste generering uit fasiliteite
h) Erflatings
i) Geaffilieerde lede ontwikkel
j) Huurinkomste uit eiendomme
k) Duidelike riglyne en kontrole van kommando's se bates
l) Bateregister – behoorlik
m) Kommando's wat 'n sekere inkomsteperk oorskry of wie se bates 'n sekere perk oorskry, se state moet geoudit word versus kleiner kommando's wie s'n net reken-kundige versien moet word

2. TEVREDE LEDEKORPS ONTWIKKEL

2.1 Penkoppe en Drawwertjies

a) Jeuglede kom gou agter as offisier onseker is. Jeuglede se behoefte is om veilig te voel in 'n omgewing en benodig ondersteuning. As die jeuglede weet dat die offisiere daar gaan wees vir hulle, gemotiveerde is en interessante aanbiedings gaan doen sal die jeuglede tevrede wees.
b) As pilaar 3 en 4 in plek is, sal dit help met pilaar 2.
c) Offisiere moet met empatie uitreik na kinders se gesinne. Meelewing sal langtermyn deelname verbeter.- Nasionale Vlak.
d) Deelnemende bestuur vanaf kinders.
e) Ken Penkop en Drawwertjies se behoeftes.

f) Aanbiedings sluit aan by die leefwêreld (lewens) van die kinders.
g) Offisiere moet bande vorm met hul kinders, wees ‘n rolmodel.
h) “Roadshow” deur bemarkingsmense met nuwe bemarkingsmateriaal – betrek offisiere en ouers.

2.2 Verkenners

a) Doen meningsopname via die CRM-stelsel (KVB-stelsel) op gereëlde basis
b) Ouers moet oortuig word (meer spesifieke strategie rondom hoe om met ouers te skakel) - KOMMANDOVLAK
c) Spesifieke kommunikasie aan ouers (gestandaardiseer) - KOMMANDOVLAK
d) Kerkparades meer moet meer doelgerig wees en ook in massa bygewoon word - KOMMANDOVLAK
e) Sterk bemarking by kerke – HOOFBESTUURSVLAK / KOMMANDOVLAK
f) Bemarkingsbrosjure spesifiek vir Verkenners – HOOFBESTUURSVLAK – NK BEMARKING
g) Ervarings moet verpak word vir bemarking
h) Alternatiewe bemarking (Mixit, Facebook Twitter) moet gedoen word – HOOFBESTUURSVLAK / GEBIEDSVLAK / KOMMANDOVLAK - Adverteer op Mixit (Splash)
i) Bemarking aan skoolbesture (om tyd op kalenders te kry) – KOMMANDOVLAK - Nooi skoolhoofde na prestasie geleenthede en Netwerkaande
j) Opleidingskamp spesifiek vir nuwe verkenner offisiere – GEBIEDSVLAK - Opleiding van offisiere moet baie ernstig heroorweeg word
k) Verkenners moet verstaan dat hulle ook verpligting het om offisiere te word
l) Spandeer proporsioneel meer geld aan opleiding as aan bemarking
m) Verander gebiedskamp tye om nie in sportseisoen te val nie
n) Bemark kampe van alle gebiede sodat kinders wat nie kampe kan bywoon wel iets kan bywoon deur gebruik van multimedia en die verstaan dat kampe nie noodwendig gebiedsgebonde is nie – HOOFBESTUURSVLAK – NK VERKENNERS
o) Oorgangsfase tussen PV en Staatmaker moet makliker word:
    i. Verteenwoordigers van Staatmakergroepe moet op PV kamp wees
    ii. Staatmakerkommando's moet Voortrekkers as eerste deel van naam hê om soek in brosjures op universiteite makliker te maak.
    iii. Besoek webwerf vir Staatmakerinligting

2.3 Volwassenes

a) Volg volwasse bedankings op.
b) Jaarlikse tevredenheid opname onder volwasse lede.
c) Moenie die volwassenes se tyd mors nie.
d) Standaard vorm oor rede vir bedankings van volwassenes en onderhoud met lid.
e) Konsekwente implementering van die gedragskode.
f) Stel ‘n menslikehulpbronbestuurder aan op elke vlak.
g) Evaluasie van besture, halfjaarliks.
h) Toegevoegde waarde.
i) Bemarking van Voortrekkerkampe by skole deur die offisiere.
j) Gebiedskampe vir nie-Voortrekkers vir fondsinsameling.

2.4 Voortrekkerkommando’s

a) Elke kommando moet ‘n bemarkingsplan opstel
b) Doelgerigte kommunikasie tussen alle vlakke in die kommando van heel bo tot op spanlid vlak
c) Kommunikeer doeltreffend met ouers
d) Die produk wat ons lewer moet ooreenstem met die bemarking
e) Kwaliteit offisiere moet gekweek word

f) Kry ouers ten volle betrokke
g) Terugvoer evaluering vanaf jeuglede op ‘n jaar tot jaar basis
k) Elke kommando moet ‘n bemarkingsplan hê
l) Ondersteun volwasse lede dat dit vir hul ook lekker is om in die kommando te wees
m) Voortrekkers moet meer sigbaar gemaak word sodat almal in die omgewing van die kommando weet wie hul is
n) Die Voortrekkers moet ‘n gesinsaktiwiteit wees
o) Goeie media dekking moet plaasvind
p) Maak fondsinsamelings sigbaar onder die naam van die beweging
q) Meer doelgerigte kommunikasie na volwasse lede
r) Die produk wat ons lewer moet ooreenstem met dit wat ons bemark
s) Daar moet kontinuïteit plaasvind in byeenkomste
t) Kry kenners van buite om te help met programme
u) Reël interessante span byeenkomste
v) Werk aan kwaliteit offisiere
w) Kry ouers meer betrokke
x) Kry terugvoering vanaf die jeuglede

2.5 Oorde

a) Kommunikasie is uiters belangrik – veral met ouers. Terugvoer vanaf persone (ouers en offisiere) is belangrik.
b) Bymekaarkom van offisiere vir kruisbestuiwing
c) IDOK op oordvlak (Haal klippies uit die skoene)
d) Monitor die produk wat kommando’s aanbied vir jeuglede
e) Skoolhoofde se goedgesindheid
f) Offisiere moet die oordleier ken sodat hulle vrymoedigheid het om te skakel
g) Kursusse op oordvlak moet nader aan die huis aangebied word sodat ouers by die huis kan slaap
h) Oord gekoördineerde aktiwiteit per jaar
i) Elke oord moet spesifieke bemarkingspos skep
j) Elke kommando kry beurt om ‘n spesifieke spesialisasie vir alle lede in die oord aan te bied
k) Betrokkenheid van jeugleiers by oordvergaderings
l) Benoeming van Verkenners op Junior Stadsraad
m) Oordkuieraande saam met die gebiedsdagbestuur en onder andere skoolhoofde en ander nie-Voortrekkers
n) Koördinering van bemarkingsaktiwiteite in oord
o) Visuele bemarking (plakkate, cd’s, ens) by skole
p) Mobiliseer Rapportryers om Die Voortrekkers te ondersteun
q) Voortrekkerbesigheidskaartjies by inligtingskantore van dorpe

2.6 Gebiede

a) Doeltreffende kommunikasie
b) Deurlopende skakeling tussen AGL (Volwasse Sake) en Volwasse lede
c) “exit” onderhoud – wanneer ‘n lid bedank
d) Belangstelling in lede
e) Web gedrewe – personeelagentskap
f) Luister na volwassenes

3. DOELTREFFENDHEID EN EFFEKTIWITEIT

3.1 Penkoppe en Drawwertjies

a) Dit is die belangrikste pilaar. Kry huis in orde voor ons verder gaan.
b) SWOT analise van Kommando: Sluit Penkop en Drawwertjie van Graad 4 – 7 in. Reageer op SWOT analise en evaluering. Dit gaan verskil van kommando tot kommando.
c) Opleiding en bemagtiging van ampsdraers en offisiere wat aansluit by pilaar 4. Offisiere moet bemagtig word. Ingelig word rondom gedeelde oortuigings.
d) Aktiwiteite moet lede leer sonder om skool te hou.
e) Kamp/Dag saam met Graad 6 ouers.
f) Kursusse moet die offisier se emosies aanraak.
g) Penkop en Drawwertjie veldkornet moet ten alle tye die standaard van Graadwielwerk kontroleer. Behoeftes kan sodoende identifiseer word sodat Informele opleiding deurlopend kan plaasvind om offisiere te motiveer.
h) Kwaliteit werk moet tydens spanbyeenkomste gedoen word. Ouers wil nie betaal vir afgewaterde lesse nie en nog minder vir ‘n onopgeleide persoon om met hulle kinders te werk.
i) Ouers moet ingelig word oor die werk wat die Voortrekkers doen. Daar moet na die spanbyeenkoms ten minste iets huistoe gaan sodat die ouers insae kan hê in wat by die byeenkomste plaasgevind het.
j) Daar moet ‘n vertrouensverhouding tussen die ouer en die offisier wees. Ouers laat nie hulle kinders kamp saam met ‘n volwassene wat hulle nie vertrou nie!

3.2 Verkenners

a) Mense moet info deel (incentive) (bv kundigheidsdatabasis, prosesse wat werk)
b) Almal beaam dat leerplanne reg is
c) Neem positiewe Gr8 (of Gr9) wat onlangs deur Voorslag is om te help met aanbiedings van Voorslag asook voorbereiding
d) Mentorskap program waar Verkenners mentors is
e) Administrasie is oneffektief,sentrale stelsel moet goed beplan word om te werk
f) Stuur SMS'e/Facebook/Mixit/Twitter boodskappe aan jeugleiers oor wanneer info op webwerf is
g) Facebook bladsye vir kampe ens. waar info gepubliseer word
h) Kampinligting moet betyds op webwerf wees (6 maande vooruit) sodat mense kan beplan en begroot
i) Kampe moet in 2010 se vakansies betyds kommunikeer word
j) Webwerf moet meer verbruikersvriendelik wees

3.3 Volwassenes

a) Bied gesinskampe (egpare) aan vir ‘n gesin waar die een ouer ‘n Voortrekker is en die ander een nie.
b) Maak gebruik van televisie en radio bemarking.
c) Familie betrokkenheid – Pa, Ma en gesin.
d) Toegevoegde waarde vir volwassenes.
e) Opleiding

3.4 Voortrekkerkommandos

a) Elke Kommando moet ‘n bemarkingsplan opstel
b) Volwasse opleiding moet aandag geniet
c) Beginner offisiere moet blootgestel word aan persoonlike leierskap opleiding
d) Werf jonger offisiere, kyk veral na uittredende staatmakers
e) Alle punte soos vermeld in die vissie
f)

3.5 Oorde

a) Administratiewe rekenaarprogram – stuur verslae direk aan die oord en die gebiedskantoor
b) Probleme moet dadelik aangespreek word deur die oordleier
c) Oordbesture moet nader en direkte kontak hê met kommando's
d) Die huidige verslae wat ingevul word, moet aangepas word, aangepas die nodige en korrekte inligting nie na vore kom in die huidige verslae nie
e) Oordleier moet seggenskap hê oor offisiere en aktiwiteite
f) Die oord moet 'n ondersteunende en hulp faktor vir kommando's wees

3.6 Gebiede

a) Dit wat ons doen – hoogstaande gehalte
b) Kontrole oor program en dit wat aan die gang is en dit wat gebeur het
c) Protokol moet heringestel word
d) Praktykhandleiding – Gebiedsplan – gee riglyne
e) Dissipline – gee definitiewe aandag hieraan en toepas
f) Gebiedskampe – kyk dat dieselfde standaard gehandhaaf word

4. GOEIE VOLWASSE LEIERS

4.1 Penkoppe en Drawwertjies

a) Identifiseer potensiële leiers. Oud Voortrekkers, kundige persone in die gemeenskap kan betrek word om 'n spanbyeenkoms te neem. Gebruik leiers/kundiges in gemeenskap om werklik impak te maak.
b) Opleiding is baie belangrik.
c) Die Spanhanteringskursus is te lank en uitputtend. Klem lê op die verstand en die offisiere se harte moet reg wees wanneer hulle na die kursus teruggaan na hulle spanne. Die Nasionale Komitee moet al 4 aspekte van menslike Ontwikkeling in die kursus in werk.
d) Belangrikheid van veldkornette moet onder mense se aandag gebring word.
e) Volwasse handleidings moet meer informasie bevat oor die redes waarom sekere dinge gedoen moet word.
f) Keuring van Volwassenes.
g) Gesinsaktiwiteite. Gesinne moet betrek word. As die gesin inkoop word Voortrekkers 'n lewenswyse.
h) Bemarking by skole en veral kerke moet aandag verdien. Offisiere moet kerke en skole se hande vat en hulle help om die standaard van werk te vestig uit 'n Christelike perspektief.

4.2 Verkenners

a) Wat van offisiere wat klaar is met spanne en nie nou 'n anders pan wil vat nie? (nuwe lidmaatskaptipe?)
b) Meer geld moet in offisiere ge-investeer word om algehele vlak van Voortrekker-aktiwiteite en –aanbiedings te verhoor. Persoon moet ook persoonlik deur opleiding groei
c) Bestuursplan vir volwassenes wat opleiding insluit moet opgestel word (HOOF-BESTUURSVLAK – NK VOLWASSE SAKE)
d) Dagbesture moet vooruitbeplan om offisiere jaar vooruit beplan (succession planning) - KOMMANDOVLAK
e) Vrywilligers het besluit geneem om deel van Voortrekkers te wees en moet dus bestuur word asof hulle deel van proses is en nie net kan wegskram agter die vrywillige basis dekmantel nie

4.3 Volwassenes

a) Bied gesinskampe (egpare) aan vir ‘n gesin waar die een ouer ‘n Voortrekker is en die ander een nie.
b) Maak gebruik van televisie en radio bemarking.
c) Familie betrokkenheid – Pa, Ma en gesin.
d) Toegevoegde waarde vir volwassenes.
e) Opleiding:
    i. Identifiseer offisiere vroegtydig wat opleiding moet doen
    ii. Mentorskap vir nuwe offisiere
    iii. Gebruik uitgetrede leiers as mentors
    iv. Induksie vir nuwe offisiere
    v. Beplanningskamp vir spanoffisiere
    vi. Oriëntering aan die einde van die jaar
    vii. Offisiere Beginnerspak is reeds beskikbaar, maar stel ‘n lys saam van wat in die pak is.
    viii. Kry lede betrokke by opleiding
    ix. Befondsing van volwasse opleiding
    x. Verpligte opleiding
    xi. Verdeel kursusse in modules (tyd oorweging)
    xii. Effektiewe tydsbestuur en tydsbenutting
    xiii. Voortrekker akkreditasie van kursusse
f) Beter benutting van Heemraadslede.
g) Uitbreiding van kundigheidslys om nie-Voortrekkers in te sluit.
h) Kommandodagbesture moet nie spanne neem nie, sodat hulle kan fokus op hulle plig.
i) Bekendstelling of beter bemarking van kursus dvd’s.
j) Maak ‘n werwings dvd wat vertoon kan word aan kinders en volwassenes – wat nie aan Die Voortrekkers behoort nie.
k) Volwasse opleiding by gebiedskampe.
l) Opvolger leiers identifiseer en die nodige opleiding voorsien.
m) Spreek aggressiewe beeld van offisiere teenoor kinders aan. Openbare betrekkinge.
n) Die aanbied van kampe vir die publiek.
o) Almal moet met die publiek praat oor Die Voortrekkers. Deur met mense te gesels oor Die Voortrekkers is die beste bemarking.
p) Bemarking fokus nie op volwassenes nie. Brei bemarking uit.
q) Hou PV Reünies.
r) Bemarking van Staatmakers by Graad 12’s.
s) Gebruik die Bond van Voortrekkers om teikenmark uit te brei.
t) Verskaf ‘n lys van waar studente regoor die land kan inskakel by die Staatmakers.
u) Ondersoek die rol van die Staatmakers.
v) Staatmakers moet opleiding gee in leierskap. Staatmakers kursus moet meer gereeld aangebied word.
w) Staatmakers moet Graad 12’s betrek. Bv. Wanneer Graad 12’s klaar is met die Hoofleierswag en Presidentverkennerkamp in Julie is hulle klaar met Voortrekkers in die Hoërskool en hulle moet dan al betrek word (vir die laaste 5 maande van graad 12 loopbaan) by Staatmaker aktiwiteite om sodoende te verseker dat Graad 12 Verkenners se loopbane nie eindig nie, maar begin by die Staatmakers.
x) Oorgangskampe vir Graad 12 na Staatmakers.
y) Offisiere, Kommando’s en Oorde moet meer moeite doen om Verkenners te verwys na die verskillende Staatmakergroepe.
z) Persoonlike kontak met Graad 12’s. M.a.w. volg op of hulle aangesluit het al dan nie.
aa) Betrek Staatmakers by Kommandobesture.
bb) Verlig las van spanoffisiere d.m.v. hulp (voogoffisiere).

cc) Inligting moet deurgegee word vir offisiere en kommando's oor die Staatmakers. Kommando's is nie ingelig oor wat die Staatmakers vir hulle kan bied nie of hoe hulle van hulp kan wees nie.
dd) Betaling van Volwasse lede.
ee) Senior Staatmakers moet behou word, maar wat maak ons met hulle? Hersien die rol van volwassenes wat nie 'n span wil neem nie, nog jonk is of het dalk klein kinders en voel nie gereed om as offisier op te tree nie. Daar moet gekyk word na 'n groep wat hulle kan akkommodeer.
ff) Hersien beperkinge op getal heemraadslede vir kommando's.

4.4 Voortrekkerkommando's

a) Stel 'n goeie bemarkingsplan saam
b) Volwasse opleiding moet baie aandag kry
c) Werk aan die offisier se gesin om hul ook deel te maak van die kommando ('n beter ondersteuningstelsel)
d) Werf jonger offisiere fokus veral op staatmakers wat uittree

4.5 Oorde

a) Moet volwassenes positief hou
b) Opleiding van offisiere
c) Iets moet aan die volwassenes gebied word deur die oord
d) "Kern offisiere terugval korps" – kundigheidslys
e) Offisiere opleiding op oordvlak

4.6 Gebiede

a) Leiers reg benut
b) Stel ideale profiel van 'n leier saam
c) Gemeenskapsbetrokkenheid
d) Toerusting om werk te doen
e) Opleidingsgeleenthede skep
f) Nuwe lede – persoonlik kontak
g) Mentorskapprogram (opvolg)
h) Kontrolering – gedoen op 'n basis van hulp aanbied (nie-polisiëring)
i) Opvolgbeplanning

5. GEDEELDE OORTUIGINGS

5.1 Penkoppe en Drawwertjies

a) Missie en visie word gedeel.
b) 'n Credo (kode, missie, belofte ens) moet vereenvoudig word sodat dit by elke spanbyeenkoms herhaal kan word tydens 'n openinge. Kinders moet weet waarom hulle Voortrekkers is.
c) Missie en Visie moet vereenvoudig word vir Junior Penkop en Drawwertjies sodat dit ingesluit kan word in die inlywingsvereistes.
d) Ouers moet saam met sy kind ingelyf word.
e) Ouers moet betrokke raak by die Algemene Jaarvergadering om deel te hê aan die besluitnemingsprosesse.

5.2 Verkenners

a) Loopbaanplan van 40 jaar moet opgestel word vir 'n lid wat aansluit by die Voortrekkers (vanaf gr.00 tot en met 45 jarige ouderdom) sodat deurlopende evaluering van benutting en effektiwiteit van menslike hulpbron bestuur kan word. (HOOFBESTUURSVLAK – NK: PD's, VERKENNERS, STAATMAKERS, VOLWASSE SAKE)

b) Verkenner offisiere moet nog vir ten minste ’n jaar kontak hou met span na matriekjaar. - KOMMANDOVLAK
c) Mentorskap program in hele beweging
d) Gebiedskampe moet ’n module/kursus aanbied vir nuwe Staatmakers/offisiere as oorbrugging tussen die matriekjaar en die eerste volwasse jaar.

5.3 Volwassenes

a) Beter definiëring van begrippe.
b) Moedig die deel van persepsies aan.
c) Hersien literatuur om die doel van Voortrekkerwerk uit te lig.
d) Spreek leemte tussen Penkop en Drawwertjie werk en Verkennerwerk aan om kontinuïteit te verseker.
e) Penkop en Drawwertjie avontuur kursusse en spesialisasies uitbrei.
f) Voortrekker aktiwiteite moet nie-Voortrekkers ook trek met die doel om hulle te werf.
g) Fokus op plattelandse behoeftes vir spesialisasies.
h) Gaan verkoop ABC aan die res van die gemeenskap.
i) Herstrukturering van lidmaatskap tipes vir mense met ander behoeftes of vaardighede.

5.4 Voortrekkerkommando’s

a) Alle punte soos vermeld in die vissie
b) Literatuur moet gebruik word deur offisiere en dit moet gereeld en deeglik hersien word

5.5 Oorde

a) Woordelys om spesifieke nuwe woorde te omskryf en te definieer
b) Betrokke by inkoop van offisiere op oordvlak by toekomsvisie – dieselfde tipe bespreking op oordvlak as wat op die kongres was – oordopleidingsdag met offisiere en jeugleiers
c) Dokument aan alle offisiere wat vereenvoudig is
d) Taak een kundige persoon om die plan te verduidelik aan almal – wees versigtig dat die proses dan nie gekoppel word aan ‘n spesifieke persoon nie
e) Kommunikasie vanaf die gebied is baie belangrik

5.6 Gebiede

a) Voogde moet meer betrokke wees by oorde
b) Inligting deurgee
c) Mentorstelsel

6. Algemene opmerkings:

6.1 Penkoppe

a) Die volgorde van die pilare moet verander word. ‘n Moontlike voorstel van die volgorde is: 3,4,2,1,5.
b) Penkop en Drawwertjie veldkornetskappe moet so gou as moontlik saam met die kommandodagbestuur deelneem aan hulle SWOT analise om swakpunte te identifiseer en sodoende aanpassings te kan maak.

6.2 Verkenners

Geen

6.3 Volwassenes

a) Verhouding van volwassene tot kind bewoording moet verander by pilaar 4. Volwassene moet vermeerder vir elke kind na 8.
b) Baie meer jong volwassenes word benodig.

c) Die aksieplanne wat reeds by die vyf verskillende pilare gevoeg is moet bly en die res net bygevoeg word.

6.4 Oorde

'n Gesprek aangaande die 360 evaluasie het gevolg om die gevoel rondom die evaluasie van offisiere in kommando's te bepaal. Indien so 'n evaluasie sou toegepas word, moet dit opbouend en vriendelik wees. Sukses hou mense gemotiveerd, maar offisiere moet inkoop by die proses. Offisiere kan bymekaar leer deur positiewe erkenning.

6.5 Voortrekkerkommando's

Geen

6.6 Gebiede

Korter name vir pilare voorgestel:

Finansies

Tevredenheid

Doeltreffend

Kwaliteit

Persepsie